

Saterdag 3 September

Skrifgedeelte: Matteus 24:7-14 (AFR20)

Fokusgedeelte: Matteus 24:12

Liefde in die vrieskas

Die pad na die verwoesting van Jerusalem en die voleinding laat die lig val op 'n chaospoor van die sondige mens se werke. Aan die een kant is daar vooruitgang en wetenskaplike prestasies. Die keersy daarenteen is menslike onverdraagsaamheid teenoor God en mekaar.

Nasies sal in oorlog teen mekaar optrek. Hongersnood en aardbewings sal ons herinner aan God se oordele. Die oordele sal ook gesien word in die gesindheid van mense onderling tot mekaar. Hulle sal niks voel vir 'n ander nie. Hulle sal mekaar doodmaak, oorlewer en haat. Profete sal mense menslei. Dit is die totale aanslag op die geloof. Die resultaat? Wetteloosheid!

Die mees uitstaande kenmerk van die geloof sal gemis word. Dit is die liefde! Liefde vir God en jou naaste word verdring deur haat en naywer. Dit word so erg dat dit niks anders sal wees as 'n dampkring van hel op aarde nie. Die gesindheid van Christus waarvan Paulus in Filippense 2:1-8 praat, maak plek vir 'n duiwelse arrogansie en selfsug.

Dit raak alle verhoudinge, selfs die gesin, ouers en kinders. Die einde sal 'n tyd wees waarin die mens van God sal wegdryf (Heb. 2:1). Dit sal soos 'n pes toeslaan op die gelowige. Daarom die aanmoediging: "Wie egter volhard tot die einde, dié sal verlos word" (Matt. 24:13).

Dit roep ons op, in leer en lewe moet ons wys dat ons lewe gebou is op die rotsfondament van Christus se liefde vir die mens. Wanneer ons harte gevul is met die liefde van Christus, en sy liefde in ons skitter, sal ons uitsien en bid vir sy spoedige koms!

Sing: Skrifberyming 2-4:1, 3

Ds. MJ Smidt (Tinus) (emeritus)